KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12--- LETTERKUNDE

DATUM: 05 SEPTEMBER 2017

PUNTE : 70

TYDSUUR: 2 UUR

EKSAMINATRISE : S.SUKHNANAN

MODERATRISE: P. SINGH

NAAM VAN LEERLING: -----------------------------------------------------------------

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT ----9----- BLADSYE.

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

- HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT **TWEE** AFDELINGS.

  Afdeling A : Poësie: Twee Gedigte . 35 punte

  Afdeling B : Roman: Lien se lankstaanskoene. 35 punte

- Beantwoord **AL** die vrae.
- Bestee omtrent 1 uur aan elke Afdeling.
- Nommer jou antwoorde presies soos jou vrae genommer is.
- Skryf netjies en duidelik.
- Skryf die Voorletters van jou onderwyser/ onderwyseres bo-aan .

AFDELING A----POËSIE

VRAAG EEN---- Lees die onderstaande gedig goed deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

## Huiskat



Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
behaaglik om haar luiperdlies te lek,
rol om en lê fluwelig oopgevlek
dat keel en bors en buik die son kan suig.

Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel
en anoniem. Smal skerwe van agaat
staar koud uit die driehoekige gelaat.
Arglistig, vloeibaar soos 'n blink reptiel

van los en lenig wees versadig: sy
sal nooit – die veearts het haar "reggemaak" –
ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby.

VRAE

1.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1.1 "Huiskat" is 'n Italiaanse Sonnet want die gedig bestaan uit ('n oktaaf en 'n sestet / 3 kwartryne en 'n rymende koeplet). (1)

1.2 Watter soort spreker kom voor in hierdie gedig? (1)

1.3 Noem die beeldspraak in **STROFE EEN VERSREEL 2**.? (1)

1.4 Met watter dier word die kat in **STROFE EEN VERSREEL 2** vergelyk?(1)

1.5 Verduidelik hoekom die titel nie 'n lidwoord voor "Huiskat" het nie? (1)

1.6 Sê hoekom Versreël 4 'n konnotiewe betekenis het? (1)

Blaai om na bladsy 3

1.7 Sê waarom die volgende stelling WAAR is. Haal **EEN WOORD** uit die gedig aan om jou antwoord te motiveer.

1.7.1 Die "Huiskat " kan nie katjies hê nie. (1)

1.8 Stem jy saam met die sterilisering van huiskatte?

1.8.1 Gee'n rede vir jou antwoord. (1)

1.9 Bespeek die funksie van enjambement in Strofe EEN ? (1)

1.10 Waarom se die spreker dat "huiskat" sonder'n siel is (versreël 2)? (1)

1.11 Wat is die funksie van die DUBBELPUNT in versreël 9? (1)

1.12 Gee **TWEE** kenmerke van'n Italiaanse Sonnet? (2)

1.13 Pas KOLOM A met die beeldsprake of stylfiguur in KOLOM B. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

| A | B |
|---|---|
| 1.13.1 "reggemaak" | A—Polisideton |
| 1.13.2 " Arglistig , vloeibaar soos 'n blink reptiel." | B---Assonansie |
| 1.13.3 " rol om en lê fluwelig oopgevlek dat keel en bors en buik……. | C--- Vergelyking |
| 1.13.4 "sal steeds eenselwig alle teerheid stuit. | D--- Eufemisme |

(4x1)

**[17]**

VRAAG TWEE--- Lees die volgende gedig goed deur en beantwoord die vrae wat volg

## Boekmerk

kinders
met wange soos mossies
wat teen elke oggend stoei
hande altyd woerende vlerke
elke lyfie 'n seilende gesang —
        vlak bo die waterspieël
        van 'n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljare proe
waar sy ook kon mor
en protesteer;



        waarom is alles altyd ver
        waarom is alles altyd hier
        waarom moet ek leer
        van optel aftrek deel
        van dooie digters
        uit die toentertyd
        en watter land sit waar
        en waarom draai die son

toe maak sy die dag weer oor —
met elke skoolklok werk sy
namens mossiekind:

        kom ons pars die wind
        met wange soos soldaatjies

        totdat elkeen net die geur
        van jasmyn kan boekmerk
        teen die onheil van ons
        ellelange reis

(Uit: *vonk@verse 2*, Best Books, 2011)

Blaai om na bladsy 5

## VRAE

2.1 Verduidelik die letterlike betekenis van die titel? (1)

2.2 Hoekom bestaan die eerste versreël uit net EEN woord.. "kinders" ? (1)

2.3 Wie is die spreker in die gedig? (1)

2.4 Noem en bespreek die beeldspraak in versreëls 1 en 2. (2)

2.5 Haal die **herhalende vraagwoord** van versreëls 14, 15 en 16 wat beklemtoon die soort vraag wat die kinders vra? (1)

2.6 Noem twee dinge uit Strofe 3 wat sê waaroor kinders kla? (2)

2.7 Haal 'n WOORD uit Strofe 5 aan wat aandui dat die onderwyseres met die kinders identifiseer? (1)

2.8 Wat besluit die onderwyseres toe om te doen om die kinders se lewens gelukkiger te maak? (1)

2.9 Verduidelik watter doel die onderwyseres wil bereik met die volgende versreëls 27 en 28: "totdat elkeen net die geur van jasmyn kan boekmerk" (1)

2.10 Wat is die funksie van die dubbelpunt en die aandagstreep in Strofe 1 & 2 (1)

2.11. Sê waarom die volgende stelling " Waar " is?

2.11.1 Die gedig is 'n vrye vers. (1)

2.12. Bespreek die tema van die gedig. (1)

2.13. Pas KOLOM A met KOLOM B. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

| A | B |
|---|---|
| 2.13.1 Oksimoron | A--- het 'n soet reuk |
| 2.13.2 Jasmyn | B--- bittersoet |
| 2.13.3 Mossies | C--- woerende vlerke |
| 2.13.4 Klanknabootsing | D--- klein voeltjies met wit of swart wange |

[4x1]

(18)

**AFDELING B--- ROMAN—Lien se lankstaanskoene deur Derrick van der Walt**

**VRAAG 3**--- Bestudeer die voorblad van" Lien se lankstaanskoene" en beantwoord dan die vrae wat volg.




3.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

3.1.1 Lien het (plat/ hoë hakke) skoene gekoop. (1)

3.2 Hoekom het Lien die soorte skoene nodig? (1)

3.3 Noem die winkel waar sy die skoene gekoop het? (1)

3.4 Noem die TWEE dinge wat Lien dra wat haar goed vermom? (2)

3.5 Daar is ook 'n sak op die omslag. Aan wie het die sak voorheen behoort? (1)

3.6 Wat is die naam van die vrolike jong man wat ook bedel en Lien se vriend geword het? (1)

Blaai om na bladsy 7.

3.7 Wat het met Lien se werk by Millenium Creations geword dat sy nou by die verkeersligte moet staan en bedel? (1)

3.8 Hoe het Lien gevoel toe'n vrou vir haar'n muntstuk gee op die eerste dag van bedel? Hoekom het sy so gevoel? (2)

**[10]**

**<u>VRAAG 4</u>**---Gebruik die woorde in die woordeblok hieronder en vul in ontbrekende woorde om die paragraaf te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

| |
|---|
| Oom Frank, Gerhard, Tannie Bets, Braam , Christien, Roos. |

In Hoofstuk 26 " Cheers op Binnelandse Sake" ontvang Lien'n oproep van <u>( 4.1)</u> om dadelik na haar woonstel toe te kom. Die dominee <u>( 4.2 )</u> is ook daar en sê vir Lien en <u>( 4.3 )</u> dat hulle Ma iets van Pick'n Pay gevat het sonder om te betaal. <u>( 4.4 )</u> sal terug na die kliniek toe moet gaan vir behandeling. Tannie Bets suggereer dat die kinders by hulle <u>( 4.5 )</u> vir'n rukkie gaan bly. [5]

**<u>VRAAG 5--- Die Besoek (2)</u>**

Dan sien sy hom by die deur inkom aan die ander kant van die vertrek.

Sy voel skielik yskoud. Sy voel trane iewers brand. Haar keel trek toe. Sy kyk en sy kyk.

Hy het grys geword. Hy loop effens krom, sy oë soekend. Hy gaan staan toe hy haar sien, kyk roerloos na haar. Dit lyk asof hy wil huil. Hy staan roerloos met sy kop skeef vir haar en kyk. So verstom. Daar is 'n trek om sy mond wat sy nie ken nie. Sy oë lag nie meer soos sy onthou nie. Sy gesig lyk so *sad*.

"Hoekom het jy dit gedoen?" vra sy nadat hulle lank net gesit het.

Hy haal sy skouers op.

"Dinge gebeur. Ek het gedink ek is die slimste en sterkste mens onder die son. Daar was versoekings . . . Ek was gulsig." Hy lyk verleë.

"En al die geld wat julle gevat het?"

Hy lyk ongemaklik en kyk na die hoek van die vertrek. Ná 'n ruk sê hy: "Ons het 'n klomp in die buiteland belê, maar dit was 'n flop. Die *scheme* was *dodgy* en ons het baie verloor. Die res het ons uitgegee en die ander moes ons terugbetaal. Jy weet mos . . ."

Hy bly 'n rukkie stil.

"Ek praat baie met jou. In my kop. Elke dag. Ek weet ek het julle seker vir altyd verloor en ek wonder elke dag of julle my ooit sal vergewe."

Blaai om. bl 8

5.1 Wie gaan Lien in hierdie Hoofstuk besoek? (1)

5.2 Waar vind hierdie besoek plaas? (1)

5.3 Hoekom het Lien se Pa in die tronk beland? (1)

5.4 Sê hoekom die volgende stelling WAAR is . Haal aan om die stelling te motiveer.

Lien voel baie emosioneel toe sy haar Pa sien. (1)

5.5 Watter droom het haar Pa vir haar vir die toekoms gehad? (1)

5.6 Hoe het haar Pa verseker dat sy en Braam genoeg geld het om na matriek verder te studeer? (1)

5.7 In die vorige Hoofstuk "Die Besoek (1)" het Lien iemand anders gaan besoek.

Wie was daardie person? (1)

5.8 Noem EEN manier hoe Lien se Pa se voorkoms verander het? (1)

5.9 Watter rede het haar Pa vir haar gegee vir die misdaad wat hy gepleeg het? (1)

5.10 Hoe dink jy het Lien se Pa gevoel na haar besoek? (1)

**[10]**

## VRAAG 6

6.1 Elke hoofstuk in die roman het 'n titel en elke titel verwys na iets of iemand in die hoofstuk. Pas die hoofstuk in Kolom A met die korrekte verwysing in Kolom B. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

| A | B |
|---|---|
| 6.1.1 Hoofstuk 1 "Geel en Gelukkig" | A—Verwys na die drankie wat Lien elke dag dra wanneer sy gaan bedel. |
| 6.1.2 Hoofstuk 15 "n Bottel Energade" | B-- Verwys na Christien Jooste wat dronk maar bly is. |
| 6.1.3 Hoofstuk 19 " Baie sterker as Camel Filters" | C-- Verwys na die Toneelstuk en Lien wonder of Tibbey en Roos daarvan sal hou. |
| 6.1.4 Hoofstuk 31 " Die Corner sonder Entertainment" | D-- Verwys na die sterker goed wat Sally Swanepoel se Pa rook. |
| 6.1.5 Hoofstuk 41 " n Bietjie Kultuur" | E-- Verwys na Tibbey wat in die hospital is en sy hoek is leeg en sonder vermaak. |

[5x1]

6. 2 Noem TWEE maniere hoe Braam ontvlugting probeer vind van sy ongelukkige lewe? (2)

6.3 Sê hoekom jy Lien Jooste as 'n onselfsugtige jong meisie sal beskryf? (1)

6.4 Gee EEN rede waarom Lien en Wouter beste vriende was? (1)

6.5 Watter waardevolle les het jy uit hierdie roman geleer? (1)

[5]

[35]

**GROOTTOTAAL= 70**

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D MR S R PANDAY